## Ek moet 'n Sendingvriend Wees.

(Fonteine 40 j. fees 1948)

1

– Staan vfm hier om dies.ond. te behandel wat 40 jr. gelede hier behandel is. As ek kyk na d. manne wat d. ond. ins sy die dele behandel het dan — ~~"~~ net hoef onwaardigheid om in hulle skoene te staan. (Ds. Bosman, Ds. de Beer, Dr. v. Broekh.") Blyk baie duidelik uit verslag: daar was 'n gloed van oortuiging & besieling wat van hulle bloke uitgestraal het wat deur alwal aangevoel is!

Adak. met bymaedigheid dat ek hier kan staan vfm.: omdat d. groot saak v.d. sending geen apologie vereis nie. Tree op m.d. bymaedighd van 'n Xten wat weet: dit was en is nog altyd my Meester se saak – en daarom ook myne! Nie skaam

~~(My ond. dies. as die v. 40 j. gelede)~~ In ooreenst.g m.d. gees v.d. dag wil ek dan ook dies. indeling doen, hoewel d. inhoud sal verskil. Neem aan dat hd. ond. 40 jr. gelede gekies is ~~juis~~ omdat daar nog baie teenstanders was wat ook miskien op dd. fees oortuig moes ~~word~~: dlom „ek moet" ~~Vfm egter wil ek nie die saak benader asof u onwilliges is wat oortuig moet word nie~~ (Grdd. dat ons dlie geworden het), m.r. asof ons alwal ~~gewillige~~ oortuigdes is wat deur ons teevyding hier ander moet gaan oortuig!

Ek Moet 'n Sendingvriend Wees:

I Terwille van J. X.: (Ds. Bosman):

(a) Dit was sy opdrag:

- ~~By sk~~ Jesaja dit reeds voorspel dat dit sy lewenstaak sou word (Jes. ~~9~~ 61)
- By aanvang bediening sy manifes in Nasareth (Luk. 4
- In gelykenisse: Goeie Herder „ander skape"
- Op h.d. selfde dag: Sendingbevel.

Daar ~~is~~ bestaan geen groter beweegrede te wees vir enige Xten aan sy werk te doen as d. feit: Jesus dit beveel.

(b) Dit was sy vb: Talle voorbeelde

- Begin by eie volk maar nie daar ge-eindig
- Sam. vrou (Joh. 4), : „Lande wit v.d. oes"
- Kanan. vrou (Mt. 15): „Verlore skape huis v Isr."

(c) Dit was sy hoogste offer: A.d. kruis gewaal as 'n versoening vir d. sondes v.d. wêreld: „As ek v.d. aarde verhoog word ... almal na my toe trek"

II Terwille van my Naaste: (Ds. de Beer)

(a) Om d. heidene vir Hom te wen: Hulle ook ons naastes (almal in nood). God gebruik tog nie net Sy Gees nie, maar mense as instrumente om ander na Hom te bring. Dan moet ek send. vriend wees — om deur God gebruik te word

(b) Om deur my vb. almal te oortuig: My send. ywer, send. gesindheid, send. liefde moet d. adv. wees vir d. wêr. sodat hulle Jesus in my kan sien: Sy liefde vir siele moet in my gesien word — Sy meelye m. verlorenes moet my meelye word: en d. wêr. moet dit kan lees & verstaan. // Dis d. taal wat d. wêr. verstaan — beter as d. taal v. d. Bybel. Dis d. Bybel wat hulle lees — ons voorbeeld! Ons Kinders: rede vir Kommer!

(c) Om ander te bemoedig & te besiel:

- Dink aan al d. arbeiders i/d send.akker: voel soms eensaam, stryd opdraand, kragte min, geloof klein. Watter bemoediging as hulle weet: ander onthou ons m. hulle gebede, gawes, belangstelling ens! Miskien net dd. een klein bydjie wat d. ~~wêr~~ verskil sal maak aan hulle hele lewe & toekoms!
- Dink aan Xtene wat baiekeer twyfel: sien d. bietjie wat gedoen is, sien d. baie wat gedoen moet word, sien d. mensl. onmoontl. om dit gedaan te kry — ons vb. versterk & bemoedig: (Vb. Rand)

~~uitgawe: Spreek nie meer d. plig v. poor gemeentes gawe~~

III Terwille van Myself: (Dr. van ~~Rooi~~ Br.)

(a) Dit verryk my eie geest. lewe: Hoe meer send. werk ek doen, hoe meer wil ek doen! Leer my so baie dinge:—

– Verbreed d. veld v. my belangstelling
– Leer my d. probleme, stryd, geaardhede ens. v. ander volke beter verstaan & minder veroordeel
– Leer my offervaardighd i.p.v. selfsugtighd
– Leer my meer en innige liefd
– Leer my my swakhede, my vooroordele, my onkunde ken!

(b) Dit maak my meer roepingsbewus:
– Leer my plig as gelowige beter verstaan
– Leer my verantwd v. Kerk v. J.C. dra
– Gee my gesig v.d. grootshd v.d. taak

Tyd mense sê: Smaak nie meer plig paar gew s: – taak ganse

(c) Dit word vir my & my volk 'n seën: – kerk
– Gee ons beter mense, bure, mankens, vriende (Baie meer v. hd. ang. maak)
– Verrykt d. siel van ons volk

Nie meer verskoning vra

Mr. geraag: Vdag na 40 jr. wil ons nie meer sê: „Ek moet 'n send. mind wees" asof daar ander ons die is wat nog ontwig moet word. ^verskoning word nie Ons wil sê: „Ons sal" ida geloof dat ons aktual ^ontwiggdes is wat teegewig en teegenis moet word. In hd. gees roep God ons op om voorwaarts te gaan

# BROOD VIR ALMAL

Luk. 9 : 13: „Gee julle vir hulle iets om te eet".

*(1e Boodskap van Eerw. C. J. Kriel aan die Moedergemeente, Wellington, gelewer Sondag 22 Februarie 1948".)*

Vergun ons 'n enkele woord van hartelike en opreggewaardeerde dank vir die vriendelike woorde van welkom, ons vanmôre hier toegevoeg.

Die belangstelling van die twee pastorieë, die Kerkraad en die gemeente, reeds in ons huis en werk betoon, is ons tot bemoediging. 'n Gelukkige samewerking, wedersydse belangstelling en ondersteuning tussen Moeder- en Sendinggemeente is 'n absolute vereiste vir vrugbare en geseënde arbeid in die wingerd van ons Meester. Graag in alle opregtheid, wil ons dan ook die hand van samewerking uitsteek tot die Moedergemeente. In ons werk alhier het ons u nodig. Natuurlikerwys steun ons op u as Moeder.

Die teksvers waarby ons u Christelike aandag bepaal is Luk. 9:13, die woorde van die Here Jesus aan Sy dissipels:

„GEE JULLE VIR HULLE IETS OM TE EET."

Afgesonder van die stede en dorpe in die land van Galiléa, tussen die grense van Manasse en Naftali, lê die natuurskone, bewonderingswaardige binnelandse meer bekend as die see van Galiléa. Ook is dit soms genoem meer van Genesaret of see van Tiberias. Dit was die grootste varswatermeer in Palestina. Dertien myl van Noord na Suid en sewe myl van Oos na Wes. Met sy peervormige ligging het dit 'n diepte van 200 voet gemeet. Die oppervlakte was 681 voet benede die Middelandse seespieël. Op sy uiterste punt Noord-Oos vloei die Jordaanwaters in en by die uiterste punt Suid-Wes vloei dit uit. Die heldere ligblou watermasse was geleë tussen 'n vulkaniese streek, bergagtig in die Ooste en 'n lieflike landskap in die Noorde met hier en daar ontsaglike rotse- en lawaformasies.

Behalwe dat dit bekend gestaan het as een van die mooiste natuurtonele in die wêreld was hierdie binnelandse meer beroemd vir die helende krag van sy warmwaterbronne.

See van Galiléa meer van Tiberias . ...hoe nou was hierdie plek nie verbind met die lewe en werk van die Heiland nie.

Vanaf hierdie strand het Jesus Sy dissipels as vissers van mense geroep. Op hierdie see het Hy die storm stil gemaak... die wonderlike visvangs bewerk. Aan hierdie oewers die duisende toegespreek. Hierheen het die menigte Hom gevolg om na sy woorde te luister en Sy wonderwerke te aanskou. Hier het Sy hart met innige ontferming uitgegaan tot die skare. Aan hierdie rustige strand dra die Here Jesus dit aan Sy dissipels op om die menigte iets te ete te gee. Op hulle rus die verantwoordelikheid om die duisende te voed.

Ons ken die geskiedenis van hoe wonderderwerkend die Heiland die vyf brode en twee vissies vermeerder het, en hoe almal gevoed is.

Toehoorder, dieselfde Jesus is vandag nog daar. Nog drom ook vandag om ons die hongerige menigtes by hul duisende. Nog hoor ons die stem van Jesus soos by die Galilese see...... „Gee julle vir hulle iets om te eet." Vra ons dan vanmore u Christelike aandag by:

**HIERDIE OPDRAG VAN DIE MEESTER.**

**Ons let op:**
1. DIE NOODTOESTAND WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT HIERDIE WOORDE. (Die hongerige skare.)
2. DIE NOODROEP WAT HIERIN VERVAT IS. (Die beroep van Jesus)
3. DIE NOODHULP WAT VERLEEN IS. (Die Voorsiening wat gemaak is).

**1. DIE NOODTOESTAND WAT AANLEIDING GEGEE HET TOT HIERDIE WOORDE**

Voor die Heiland en Sy dissipels staan die vyf duisend mans 'n menigte vroue en kinders. Dit was Paasfeesgangers......soekendes na sielevoedsel. Anders as gewoonlik is hierdie groep nie by die feesvierendes in die stad nie, maar rondom Jesus geskaar. Die hele dag al het hulle Hom gevolg en geluister na Sy prediking. Die plek waar hulle is, is verlate. Die dag begin sterwe...... die uitgeputte en vermoeide menigte openbaar tekens van afgematheid en honger. Die dissipels word met kommer vervul...... geen voedsel vir die duisende nie; die dorpe en stede is veraf geleë; twee honderd penninge sal nie genoeg wees om voedsel te koop nie. Geen wonder dat die dissipels hierdie **nood-toestand** na onderlinge beraadslaging onder die aandag van hulle Meester gebring het nie. Duisende wat honger het en geen voedsel nie! En met hierdie nood-toestand voor hulle oë, kom die vir hulle, onmoontlike opdrag van die Meester. „Gee julle vir hulle iets om te eet."

En so sien ons ook vandag nog die menigtes om ons.

Daar is die duisende mans, vroue en kinders, 'n deerniswaardige hongerige, uitgeputte skare...... dit het aand geword, hulle het geen voedsel nie, hulle verkeer in **nood**. Die honger word nie gestil by die kragtelose feeste van die wêreld nie...... 'n Nood-toestand word om ons geskep; noodkrete, gebore uit siele-honger, kom tot ons. Om u en my wat gevoed is deur die Wonderbewerker van Galiléa, drom die menigte van gekleurdes saam. Daar is nood toestande wat die Christelike kerk, hierdie gemeente, vir u en my uitdaag. Toestande wat luid roep om oplossing.

Ons dink onwillekeurig aan die volgende:
(a.) **Die honger by die gekleurde na belangsteliing en liefde.** Is dit omdat ons hom nie ken nie, hom nie verstaan nie, dat ons hierdie behoefte in sy lewe nie raak sien nie? Hy is daar, nie uit eie sin en wil nie, en diep in sy siel is daar die verlange na belangstelling en liefde. Verstoke hiervan dryf die honger hom daarna uit om dit te soek.

Ons word geroep om hierdie toestand te sien...... te sien met die Christusgesindheid... „En toe Jesus uitgaan, het Hy 'n groot skare gesien en innig jammer vir hulle gevoel."

Is ons met die Christelike liefde en ontferming vervul, gaan dit ons tog aan...... nie waar nie?

(b) **Daar is die honger na die Evangelie:** In ons binnelandse en seker ook hier is die getalle wat onbearbeid is, nie gering nie. Aan ons deur is 'n noodtoestand op geestelike gebied waar duisende honger en dors na die Verlossings-boodskap. Het ons Kerk 'n vrugbaarder arbeidsveld as die om ons? Het ons nie genoeg bewyse uit die verlede tot vandag daarvoor nie? Moet dit ons nie aanspoor met moed en durf om die nog grotere hongerige uitgeteerde masses te voed met die Brood van die lewe nie?

Ons dank God vir die vrugbare arbeid van die jare. Ons dank Hom vir die werk van die Moedergemeente alhier, vir die lewes van **Godvrugtige Diensknegte** wat hulle as offers vir die Sending hier neergelê het ......vir siele wat tot verlossing gelei is. Maar ons bid dat Hy, soos vir hierdie gesante van weleer, vir ons mag geen oog wat die NOOD om ons sal sien, 'n hart wat in liefde daartoe sal uitgaan...... ja 'n hongernood van onsterflike siele wat in ons ore die woord van ons Meester sal aat weerklink: „Gee julle vir hulle iets om te eet."

(c) **Die honger na duidelike leiding.** In ons tyd is daar talryke vreemde strominge en ideologieë. Haas op elke gebied van die lewe word die gekleurde in gevaar gestel met ongesonde rigtings wat hom voorgehou word. Geen wonder dat daar by meer as een van hulle onrus en bekommernis gewaar word. Daar is toestande van verwarring. Daar is behoefte aan opregte Christelike voorligting en leiding. Dit geld nie alleen op maatskaplik-sosiale gebied nie, maar veral op godsdienstige gebied.

Dit is 'n noodtoestand wat nie elke dag besef word nie, en waarmee te dikwels gespeel word. Het ons hier, as gelowige volk, nie 'n heilige roeping te vervul nie?

Sien daar kortliks noodtoestande wat luid roep en tot ons spreek ......die hongeriges wat ons Meester ons toon. „Gee julle vir hulle iets om te eet."

**2 DIE NOODROEP WAT IN HIERDIE WOORDE VERVAT IS:** M.a.w. die beroep wat die Here Jesus op Sy dissipels gemaak het.

By die lees van hierdie skrifwoord bemerk ons dat die oplossing van die hele vraagstuk vir die dissipels hierin was: „Stuur die skare weg sodat hulle na die dorpe kan gaan om vir hulle voedsel te koop." Dit was vir hulle, die voor die hand liggende, maklikste beleid om te volg...... **stuur hulle weg.** Om van hulle ontslae te raak is om van die probleem af weg te kom. Om die verantwoordelikheid op die hongeriges te werp is die maklikste om geen verantwoordelikheid te dra nie.

In die opdrag van Christus lees ons egter 'n ander beleid. „Gee julle vir hulle iets om te eet." M.a.w. moet hulle nie wegstuur nie, moet hulle in hierdie toestand nie aan hulle self oorlaat nie. Moenie kleingelowig en wanhopig julle verantwoordlikheid wil afskuif nie.
Vandag nog, ook vir ons, sou dit die maklikste beleid wees „Stuur hulle weg." En vandag nog is daar diegene wat so wil. Op hierdie manier wil meer as een **van hulle verantwoordelikheid** ontslae raak.

As gelowige volk, volgelinge van die lewende Christus, sien ons tog nie hierin die aangewese weg vir ons nie.

In hierdie woorde van ons Heiland „Gee julle vir hulle iets om te eet" sien ons die beroep van Jesus op Sy dissipels om die nood hulle s'n te maak. Die verantwoordelikheid rus op hulle en hulle mag dit nie afskuif of daarvan probeer ontvlug nie. Nee „**julle**" moet vir hulle iets gee om te eet.

Kan ons maar net besef in welke moeilike omstandighede die Here Jesus met hierdie woorde die twaalftal geplaas het. Het hulle Hom dan nie geken nie? Was daar in hierdie woorde die smeekbede te verneem, het hulle ook daarin die besliste opdrag gesien. Die verantwoordelikheid is op hulle en niemand anders geplaas nie.

En so sien ons in hierdie woorde ook **ons** duidelike roeping wat ons moet vervul. Hiervoor mag ons nie terug deins nie. Net soos op die dissipels rus vandag nog die verantwoordelikheid op ons...... is die NOODROEP in duidelike taal „Gee julle vir hulle iets om te eet."

En tog is die verwagtings van die Heiland nie onredelik nie. Weet Hy dan nie hoeveel voedsel vir meer as 5000 nodig is nie? Weet Hy dan nie dat hulle afgeleë en op 'n verlate plek langs die Galilese see is nie? Weet Hy dan nie self dat hulle nie meer kan gee as wat hulle het nie? Nee, Hy weet dit alles en daarom het Hy aan Sy geliefdes gevra: „Wat het julle". Op hulle antwoord dat slegs vyf brode en twee vissies in hulle besit was, het Hy beveel „Bring dit hier vir My."

Hoe anders as ons sien die Here Jesus die saak. Nie op die uitdagende NOOD nie, maar op die REDMIDDELS is Sy oog. Nie na die middels wat buite bereik is vra Hy nie, maar wat tot hulle beskikking is. Nie 'n ontmoontlike offerande nie, maar slegs te offer wat ons het ......daarmee wil en kan Hy werk.

„Bring dit vir My hier"

En so het ons na Wellington gekom...... 'n geringe offer van die Moederkerk. In ons self so swak, nietig en klein...... ons bring dit egter, ons wy ons aan Hom toe, ons offer wat Hy vra. Daar u ons die voorreg gee vanmôre, maak ons met vrymoedigheid van hierdie geleentheid gebruik om u te vra... help ons! Die Noodroep is tot ons almal... bring saam met ons wat u het, offer aan Hom wat Hy vra. Nooit verwag Hy meer as wat ons kan gee nie. Bring u offers van gebede, van ondersteuning en liefde, bring dit getrou. Die Nood vereis dit.

3 **DIE NOODHULP WAT VERLEEN IS**, of die voorsiening wat gemaak is.

Dit het hierin bestaan: Die Here Jesus het die hongerige skare met vriendelike Christusliefde uitgenooi. Nie weggestuur nie. Almal word uitgenooi om te gaan sit. Daar was plek vir almal. Almal was welkom.

Dit was die eerste stap in die verlening van hulp in hierdie Noodtoestand. 'n Geloofsonderneming en 'n vaste vertroue dat die nodige middele voorsien sal word om die duisende te voed.

Helaas, wat is Evangelisasiewerk anders as geloofswerk? Wat is dit anders as 'n vriendelike, liefdevolle uitnodiging om plek te neem, om aan te sit? Is dit nie my taak nie? Sal Hy wat aan my 'n stukke van die Brood van die lewe gegee het, dan nie ook teenwoordig wees om andere te voed nie?

Maar ten tweede het die Noodhulp hierin bestaan: Die geringe offers is, in biddende opsien na die hemel, geseën, gebreek en in die geloof uitgedeel. Niemand het durf vra of dit genoeg sal wees nie. Elkeen het by die Galilese waters die wonders van God aanskou, want almal het geëet en versadig geword.

Wat 'n treffende beeld is hierdie wonderwerk vir ons van die Here Jesus, wat die Brood van die lewe is. Aan hoeveel deur die eeue heen, vir wie Hy gebreek is, is nie reeds 'n stukke van hierdie Brood gegee nie. Nie duisende nie, maar miljoene wat honger was, is deur Hom versadig.

Ons hulp bestaan alleen hierin om met ontfermende liefde uit te nooi die wat honger na die ewige lewe; om wat ons het, na Jesus te bring wat vandag nog wonderwerkend die hongeriges om ons voed.

Mag Hy u en my daartoe genade gee om alleen gehoorsaam aan Hom te wees as Hy roep: „Gee julle vir hulle iets om te eet."

Amen.